The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

DIE BURGER OOS KAAP 2016/08/26 Page: 7

AVE: 5199.05 (ZAR)

PRASA-KONTRAKTE

# Peters maak U-draai oor opdrag

**Llewellyn Prince**

Kaapstad. – Die minister van vervoer, Dipuo Peters, maak nou 'n U-draai en ontken sy het opdrag gegee dat ondersoeke na kontrakte van miljarde rande by die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika (Prasa) gestaak word.

Dít nadat sy duidelik in 'n brief aan dr. Popo Molefe, voorsitter van die Prasa-raad, en waarvan *Die Burger* 'n afskrif het, gevra het dat die ondersoeke na die tenders wat in die termyn van Lucky Montana, afgedankte uitvoerende groephoof van Prasa, uitgereik is, te staak omdat dit "te duur" was.

Die prokureursfirma Werksman Attorneys het die ondersoeke gedoen wat die entiteit tot dusver R80 miljoen gekos het, luidens die brief aan Molefe.

Peters het gisteroggend in 'n verklaring gesê sy het kontak gemaak met die Prasa-raad en dat daar 'n ooreenkoms was dat die raad eerder op goeie bestuur moet fokus en die entiteit stabiliseer. "Dit word kategories ontken dat die minister in enige stadium opdrag aan enige lid van die Prasa-raad of administrasie gegee het dat enige ondersoek gestaak word.

"Die minister het egter net gesmeek dat ondersoeke so spoedig moontlik afgehandel word in plaas van onbeperkte en voortdurende ondersoeke wat die entiteit miljoene rande kos sonder dat enige tasbare verslag ter tafel gelê word."

Volgens Peters is dit 'n onmiskenbare feit dat sommige van die ondersoeke uitgerek word sonder enige aanduiding dat dit afgehandel sal word. Sy het gesê dit is skadelik om te beweer of selfs te dink dat sy in die pad van goeie bestuur sal staan.

"Sy is 'n voorstander van 'n korrupsievrye administrasie en sommige van die ondersoeke vind op haar aandrang plaas om Prasa van wanadministrasie en korrupsie te bevry."

Peters het gesê dit sal onverantwoordelik van haar wees om nie die ondersoeke te monitor waaraan reusebedrae geld bestee word nie. "Ons moet altyd verantwoordelik wees met openbare geld," sê sy.




**Dipuo Peters, minister van vervoer.**